higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 2

(8021022)

12 Maart 2018 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B, C en EEN vraag in AFDELING D.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Laat 'n spasie en trek ‘n streep dwarsoor die bladsy na voltooiing van elke vraag.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

Verskillende opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Kriminologie gebruik wetenskaplike metodes om ... te bestudeer.

A die aard van misdaad en kriminele gedrag
B die omvang van misdaad en kriminele gedrag
C die oorsake en beheer van misdaad
D Al die bogenoemde

1.2 Die oogmerk van polisiëring in ooreenstemming met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Wet 200 van 1993, soos gewysig, is ...

A om misdaad te voorkom.
B om die mense en hul eiendom te beskerm en te beveilig.
C om die reg/wette te handhaaf en af te dwing.
D Al die bogenoemde

1.3 'n Kriminoloog se pligte sluit in ...

A die insameling van wetenskaplike inligting oor misdaadpatrone en -tendense.
B die ontwikkeling van teorieë om te verstaan wat misdaad veroorsaak.
C om die aard en spesifieke misdaadpatrone te bestudeer.
D Al die bogenoemde

1.4 Deur eties op te tree, sal kriminoloë ...

A daartoe verbind word om die algemene welsyn van alle individue en groepe in die samelewing te verbeter.
B versigtig wees om nie vorms van maatskaplike onbillikheid van die verlede, soos diskriminasie, te herskep nie.
C altyd die regte en waardigheid van alle mense te respekteer.
D Al die bogenoemde

1.5 Die Grondwet beskerm die fundamentele regte van alle Suid-Afrikaanse burgers. Slagoffers het die volgende regte:

A Diskriminasie of vooroordeel gegrond op maatskaplike of ekonomiese klas
B Diskriminasie of vooroordeel teen mense van 'n spesifieke klas
C Diskriminasie teen vroue en mans op grond van hulle geslag
D Nie EEN van die bogenoemde nie

Kopiereg voorbehou

1.6 As slagoffers nie tevrede is met die manier waarop klagtes hanteer word nie, kan hulle ook met organisasies, soos ... in verbinding tree,

A die kantoor van die Openbare Beskermer en die polisie
B 'n regspraktisyn/prokureur van hul eie keuse en op hul koste
C die metropolitaanse polisiekantore en die SAPD
D Al die bogenoemde

1.7 Voorbeelde van NROs sluit in ...

A die Family and Marriage Society of South Africa (FAMSA).
B die Child Witness Centre.
C gemeenskapsgebaseerde organisasies soos kerke.
D Al die bogenoemde

1.8 Ander risikofaktore kan 'n rol kan speel om kriminele gedrag te veroorsaak gedurende 'n kind se ontwikkeling:

A Ouer-kind-verhouding en ouerskapstyle
B Kontak met jeugmisdadigers
C Alkohol en dwelms
D Al die bogenoemde

1.9 Ander probleme wat ondervind word met die optekening van misdade sluit in ...

A die rekordstelsel is moeilik en polisiebeamptes word nie behoorlik opgelei om dit te gebruik nie.
B vertragings om inligting van polisiestasies te kry wat nie gerekenariseer is nie.
C die hoë omset van bedrewe personeel wees bedankings veroorsaak inkonsekwensie met die vaslegging van inligting.
D Al die bogenoemde

1.10 Die volgende faktore is belangrik sodat misdaadvoorkoming vanuit 'n multidimensionele benadering kan plaasvind:

A Regeringsorganisasies en gemeenskappe moet saamwerk om misdaadvoorkomingstrategieë in werking te stel.
B Die Suid-Afrikaanse polisie moet sektorpolisiëring in werking stel.
C Die metropolitaanse polisiediens moet aan polisiëringsinisiatiewe deelneem.
D Nie EEN van die bogenoemde nie

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woorde te gebruik wat in die lys hier onder verskaf word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

NROs; Child Witness Centre; viktimologie; kriminele gedrag; gemeenskappe

2.1 ... is 'n studieveld in kriminologie wat die wetenskaplike studie van viktimisasie en slagoffers van misdaad behels.

2.2 Kriminologie is 'n sosiale wetenskap wat bestaan uit sistematiese en georganiseerde kennis oor misdaad en ....

2.3 Die ... is 'n nieregeringsorganisasie wat kindergetuies en hul gesinne in die Helderber- en Overberg-gebiede bystaan.

2.4 ... speel 'n belangrike rol in die vermindering en voorkoming van misdaad.

2.5 Misdaadvoorkoming kan gedefinieer word as die optrede wat regeringsorganisasies, ..., ondernemings en individue instel om misdaad te voorkom.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM A	
3.1	Restitusie	A	die liggaam van reëls en beginsels wat die aangeleenthede van 'n gemeenskap beheers en wat deur 'n politieke owerheid afgedwing word
3.2	Die reg	B	'n plan van optrede wat gebruik word om 'n probleem op te los
3.3	Prososiaal ('Pro-social')	C	om iets tot sy vorige staat terug te bring
3.4	Herlewing ('Regeneration')	D	'n verklaring wat regtens aanvaarbaar is
3.5	Beleid	E	om iets weer te laat groei of om nuwe en kragtiger lewe in iets te bring
		F	vrywillige optredes wat bedoel is om 'n ander individu of groep individue te help of te bevoordeel

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Penologie sluit 'n studie van die oorsake en voorkoming van misdaad in, asook die rehabilitasie en straf van oortreders.

4.2 Crime Stop is 'n gesamentlike inisiatief van die mense van Suid-Afrika, die regering, die media en die polisie.

4.3 Forensiese kriminoloë stel verslae op met die doel om te verduidelik wat 'n oortreder gemotiveer het om 'n misdaad te pleeg.

4.4 Die doel van grondherverdeling is om die lewenstoestande van alle mense te verbeter deur armoede, geslagsgelykheid en versorging van die omgewing te ondersoek.

4.5 Menseregte is die basiese regte en vryhede waaroor alle mense beskik bloot omdat hulle mense is.

4.6 Die Handves vir Slagoffers van Misdaad is in Desember 2004 deur die kabinet goedgekeur.

4.7 Die woorde 'aandoening/steuring' ('disorder') of 'gebrek' (defect') word gebruik om te beskryf dat iets 'n leemte het, nie perfek is nie, 'n tekortkoming het of gebreek is.

4.8 Gedragsteuring ('Conduct disorder') word geassosieer met 'n herhaadelike en volgehoue skending van ander mense se basiese regte en die samelewing se norme.

4.9 Selfs al word dit die amptelike misdaadstatistiek genoem, moet mens daarop let dat hierdie statistieke nie die ware misdaadvlakke in Suid-Afrika weerspieël nie.

4.10 Omdat misdaad elkeen se probleem in Suid-Afrika is, word die rol van gemeenskapgebaseerde organisasies as instrumente van misdaad-vermindering en -voorkoming in die Nationale Crime Combating Strategy (NCPS) erken.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord AL die vrae in AFDELING B.

VRAAG 5

5.1 Noem SES studiegebiede van viktimologie. (6)

5.2 Spesifiseer SES regte wat Suid-Afrikaanse burgers het volgens die Handves van Regte. (6)

5.3 Wat is die DRIE verskillende bronne van polisiemisdaadstatistiek? (3)

5.4 Verduidelik die rol van regeringsinstellings in die vermindering en voorkoming van misdaad (5)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING C

Beantwoord AL die vrae in AFDELING C.

VRAAG 6

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

Hoofregterrooftogsaak na streekhof verskuif

2017-07-05 11:59

Alex Mitchley, News24

Pretoria – Die saak van twee van die mans wat in Maart van die rooftog by die Kantoor van die Hoofregter beskuldig is, is na die Pretoria Streekhof verskuif. Given Msimango, 20, en sy neef, Bigboy Yose, 37, is tans op borgtog. Hulle het Woesndagoggend in die Mamelodi landdroshof verskyn. Msimango, die broer van die beweerde meesterbrein van die diefstal, Nkosinathi Msimango, 34, staar twee klagte van die besit van 'n ongelisensieerde wapen en ammunisie in die gesig, terwyl Yose vier klagte van die oortreding van die Wet op Identifikasie in die gesig staar, omdat hy na bewering tydens sy arrestasie in besit van vervalste identiteitdokumente gevind is.

Die hof het nog nie getuienis aangebeid wat die twee met die rooftog verbind nie. Nkosinathi, wat na bewering die leier was tydens die inbraak en diefstal van 15 rekenaars wat sensitiewe inligting oor Suid-Afrikaanse regters bevat het, is ook tans op borgtog. Die rekenaars is tyderns die vroeë oggendure van Saterdag, 11 Maart, uit die kantoor van die Hoofregter se kantoor in Midrand gesteel.

Kopiereg voorbehou

Minder as week nadat die rekenaars gesteel is, het Nkosinathi homself aan die polisie oorgegee, wat gesê het dat hy inligting het wat kon lei tot die opsporing van die gesteelde rekenaars. Die ander twee beskuldigdes sal op 13 Julie in die Pretoria landdroshof verskyn.

[Bron: *www.news24.com]*

6.1 Wat verstaan jy onder die term strafregsplegingdiens of -sektor? (2)

6.2 Verduidelik die rol en funksies van die Suid-Afrikaanse howe in die regspleging. (12)

6.3 Wat is die belangrikste rolspelers in die strafregstelsel? (3)

6.4 Noem DRIE misdade wat deur al die verdagtes gepleeg is. (3)

6.5 Hoeveel klagtes staar die Msimango-broers in die gesig? (1)

6.6 Wie is tydens sy arres in besit van vervalste dokumente gevind? (1)

6.7 Noem VIER areas van konflik wat kriminele of jeugmisdadige gedrag kon veroorsaak het. (4)

6.8 Noem VIER verskillende tipes gesinne. (4)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord enige EEN vraag in AFDELING D.

VRAAG 7

7.1 Hoewel kriminele viktimisasietegnieke verskeie voordele bied, het dit ook verskeie beperkings.

Verduidelik die gebreke van kriminele viktimisasietegnieke. (10)

7.2 Ontleed die verhouding tussen portuurinvloed en misdaad. (5)

7.3 Gee 'n kort geskiedenis van die oorsprong en ontwikkeling van kriminologie. (5)
[20]

OF

VRAAG 8

8.1 Misdaadvoorkomingstrategieë moet uit verskeie misdaadvoorkomingsmodelle spruit.

Ontleed VYF misdaadverminderings- en voorkomingsmodelle. (10)

8.2 Dui aan hoe agressie tot misdaad kan bydra. (5)

8.3 Beskryf die bydrae van die kriminoloog tot veiligheid en sekuriteit. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou